



DIE KERKORDE

Teen die agtergrond van die naderende Bondsvergadering, spreek Die Skietlood sake van belang aan. Die GHG is die teologiese, historiese, filosofiese en morele voortsetting van die Voortrekker kerk. Die eerste Bondsvergadering het besluit om sover moontlik die NHKA se kerkorde te handhaaf. Die kloof tussen die GHG en die NHKA aan die een kant, en die praktiese situasie en behoeftes van GHG gemeentes aan die ander kant, maak die skryf van 'n eie kerkorde 'n vanselfsprekende gebeurtenis. Prof Pont en dr Storm se arbeid sal by die Bondsvergadering bespreek word. Die inleidende bespreking is vir almal van belang. Toets gerus die beginsels en uitgangspunt verwoord. Ons wil 'n tree nader aan die Voortrekker tradisie staan.

INLEIDENDE TOELIGTING

In die bekende Kerkorde soos opgestel deur de Sinode van Dordrecht 1618 – 1619, wat 'n bepaalde gesaghebbende plek in die reeks van Nederlandse Kerkordes inneem, het die eerste artikel so bepaal:

"Om die goeie orde in die gemeente van Christus te handhaaf, is die volgende nodig:

- *Die dienste oftewel die dienswerk van die ampsdraers,*
- *Die kerklike vergaderings*
- *Die opsig oor die leer, die sakramente en die seremonies - godsdiensoefeninge)*
- *Die kerklike tug"*

Opvallend in hierdie orde, is dat **die kerk** (te wete plaaslike gemeente of landelike kerk) nie in hierdie orde beskryf word nie. Dit het waarskynlik gebeur vanweë die feit dat destyds iets soos twee kerke met 'n botsende geloofsinhoud, soos 'n Calvinistiese en 'n Roomse kerk, nie in die een land aanvaarbaar was nie. Mettergaan het die openbare mening verander en hoewel 'n breë Christelike beskawing die basis van die samelewing was, is meerdere kerkgenootskappe langs mekaar aanvaar. Geleidelik,

soos die Westerse Wêreld ontkersten is, het selfs die basis van die samelewing (grondwet) nie meer 'n Christelike basis gehad nie en in die sosialistiese lande was en is die houding teenoor die kerk afwysend.

Dit bring mee dat die ordereël van 'n kerk 'n beskrywing van homself moet gee. Daarom begin ons kerkorde met **die gemeente**. Dit vanweë die feit dat die Nederlandse Geloofsbelydenis in art 29 stel: *"Die kenmerke waaraan ons die ware kerk uitken, is die volgende:*

- *Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek,*
- *die sakramente suiwer bedien, soos Christus dit ingestel het, en*
- *die kerklike tug gebruik om die sondes te straf."*

Dit is die basiese kenmerke waaraan die gemeente voldoen. Terselfdertyd is dit ook waar dat al die gemeentes saam óók kerk is en nog wyer. Daarom bely ons elke Sondag: *"Ons glo en bely 'n enige katolieke en algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo"* (NGB, art 27). Dit hang weer saam met die werklikheid dat die kerk nie 'n menslike maaksel of stigting of vereniging is nie, maar 'n **gemeenskap van gelowiges** wat aan Christus behoort, wat Hy bymekaar gemaak het en waarvan die lede die genadegawe van die geloof van Hom ontvang het.

So gesien, is die kerk nie 'n menslike skepping nie. Dit is slegs 'n ander woord wat gebruik word vir die **Verbond** wat die grondliggende verband is wat God met die mens gesluit het. Daarom is dit goed om net kortliks daarna te kyk.

Met die instelling van die Nagmaal sê Jesus glashelder duidelik: *Hierdie beker wat ter wille van julle uitgegiet word, is die Nuwe Verbond deur My bloed"* (Luk 22 : 20). Dit gaan dus nie in die Nuwe Verbond oor die prestasies van die mens wat sy plek in die hemel wil of moet verdien nie, maar oor die

vergifnis van die sonde en die versoening wat Christus ter wille van ons bewerk het. Dan ontstaan die vraag: Wie is dan nou die lede van die Nuwe Verbond?

Daardie vraag word beantwoord deur Jesus se uitspraak: "... *elkeen wat die wil van my Vader in die hemele doen, die is my broer en my suster en moeder*" (Matteus 12: 48-50). Hier stel Christus, die wetgewer van die Nuwe Verbond, Homself met sy dissipels as die oorsprong en kern van die nuwe Israel en stel Hy ook dat Hy dit met sy gesag as ewige Seun van God en Skepper van die Nuwe Verbond, so bepaal. So word dit duidelik wat die Ou Testament bedoel het dat Israel `n lig vir die volke is en sal wees.

Dit was Christus se taak om die boodskap van die God van Israel aan almal oor te dra sodat almal Hom as die lewende God sal aanvaar. Daarom is die boodskap dat die geloof in Christus die voorwaarde is om deel te wees van die broederskap, te wete die gemeenskap wat Hy op aarde gevestig het; naamlik **die kerk**. So word `n nuwe, algemene volk-van-God op aarde moontlik. Die sentrale binding van daardie volk is nie die gehoorsaamheid aan die Wet nie, maar dat elkeen die wil van God in die hemele sal doen. Dan word die gehoorsaamheid aan die Wet van God die uitdrukking van die gelowige se dankbaarheid teenoor God. So skep Christus **die nuwe volk van God** wat oor land- en nasionale grense gaan want voor God is daardie grense mensgemaak. Die kerk is die nuwe vorm van **die volk van God** waar die huwelik, die gesin en die familie kernmomente in die strukturering van die kerk is.

Daarom is dit so dat die-kerk-in-die-wêreld in sy geloof en geestelike bestaan van twee kante bedreig word.

Enersyds is daardie bedreiging van `n valse wettisme waar die mens self, deur sy gehoorsaamheid aan die Wet, die sonde moet oorwin.

Andersyds is daar die verwerping van die Ou Testament, die Wet en Profete, soos dit al bepleit word vanaf Marcion tot by Bultmann. Die Verbond, met sy tekens van Doop en Nagmaal en die oproep om dankbare en

gelowige lede van die nuwe Verbond, die nuwe volk van God te wees, is die essensiële struktuur waarin Christus sy kerk georganiseer het.

Die Verbond in die Ou Testament

Die Verbond wat God met die mens geskep het, is miskien die beste beskrywing van die verhouding wat God met die mens ingestel het, eers in die Ou Testament en daarna in die Nuwe Testament. Die kenmerkende van die Verbond is dat hieruit allereers blyk dat die sondaar-mens nie God soek nie' maar dat dit altyd God is wat die mens opsoek – vergelyk Genesis 3:8-9. Daarby kom dan dat die Verbond van die mens ontsag, geloof, gehoorsaamheid en dankbaarheid vra. In die Hebreeuse teks word die woordjie (ברית) *berit* vir verbond gebruik. Die woord het nogal `n breë betekenis, maar in beginsel is dit die beskrywing van `n **verhouding** en daarmee saam die **verpligtings** wat dit meebring. Daarby word die Verbond deur `n duidelike **teken** aangedui. In die Ou Testament word die kernbetekenis van die Verbond dan saamgevat in Eksodus 20 : 2 "*Ek is die Here jou God*" of in Levitikus 19 : 3 "*Ek is die Here, julle God*"

So gesien, is die Verbond nie `n ooreenkoms tussen gelykes nie. God en mens staan mos soos Paulus dit gestel het in dieselfde verhouding as die wat bestaan tussen die Pottebakker en sy maaksel, die pot – vergelyk Romeine 9:21. God het aan Abraham gesê: "*En Ek sal My Verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou om vir jou `n God te wees én vir jou nageslag na jou*" (Genesis. 17:7). So word dit duidelik : die Verbond is God se ontwerp en Hy sluit die Verbonds-ooreenkoms verhouding met die mens. So gesien is die Verbond `n teken van God se genade.

In die Ou Testament blyk dit dat God nie net die verbond instel nie, maar dit ook in stand hou, want die mens vergeet, oortree en verbreek die Verbond. Van belang is die opmerking in die Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, art 4 waar nogal beskrywend bely word: "*Na die sondeval het daar in die mens tog nog `n bietjie lig van die*

natuur oorgebly. Daardeur het die mens `n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen die betaamlike en onbetaamlike bly behou en vertoon hy in `n sekere mate `n strewe na deug en gedissiplineerdheid. Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer....."

En dan staan daar verder in artikel 6 : "*Dit is die evangelie van die Messias, waardeur God besluit het om die gelowige in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak*"

Met hierdie opmerking word die plek en werking van die verbond duidelik. As die saak van die Verbond in sy geskiedkundige verloop gesien word, is die eerste Verbondsluiting met Abraham – Genesis 17:7, waar die teken van die Verbond die besnydenis genoem word. Dan volg die Verbondsluiting by Sinaï waar die Tien Gebooe as die reël van die Verbond gestel word. Dit kan selfs geargumenteer word dat die Tien Gebooe die samevatting is van die inhoud van die Verbond, hoe die mens voor die aangesig van God uit dankbaarheid moet leef.

By die profeet Jeremia (31:31-34) en Esegïel (37 : 24-28) is daar die belofte van `n Nuwe Verbond wat `n vernuwing van die Ou Verbond sal wees. Dat dit `n **vernuwing** is, blyk uit Christus se opmerking in die Bergrede (Matteus 3:17-18) dat Hy nie gekom het om af te skaf nie, maar om te vervul. Daarom is en bly die Tien Gebooe die reël van die Verbond.

Verdere Gedagtes:

By hierdie Ordereëls en Ordinansies is die uitgangspunt dat Christus die Koning, Here, Hoof van sy kerk is. Dit is dieselfde waarheid wat gestel word in die Verbondverhouding. Soos Christus die wetgewer van die Nuwe Verbond en die vervulling van die Ou Verbond is, so is Hy ook die Hoof van **die volk van God** (Matteus 16:16–18; Johannes 18:36–37; Efesiërs 5:23–30). Hierdie werklikheid word maklik negeer, veral in ons dae waar Jesus al meer "afgeskaal" word tot niks meer as `n menslike wysheidsleraar of so iets, maar

nooit die Seun van God nie! Telkens wanneer dit gebeur dat die Woord en gesang van Christus verbygegaan word, word die regeermag en die beslissingsmag in die kerk in die hande van die mens geplaas, soms net een man, soos die pous, anders in die hande van die helfte plus een van `n vergadering. Hier kan mens dink aan die **Heidelbergse Kategismus VA 123** : "*Laat u Koninkryk kom!, dit is: regeer ons so deur U Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp.*" Laat ons in gedagte hou die kerk is die volk van God, anders gestel verbondsvolk is wat God self deur sy Woord geroep, verlos en met geloof begenadig het. Die taak van sy diensknegte is om die ware geloof te beskerm en te bewaar.

Verder moet onthou word dat die gemeente of kerk bestaan uit **mense** wat deur God bymekaar gemaak is. Die kerk is nie `n gewone organisasie of `n menslike struktuur nie maar gelowige mense wat deur die genade van God die geloof in Christus Jesus ontvang het, wat deur God self bymekaar gemaak is en wat Hy nou deur sy Woord en Gees wil lei.

Die gemeente bestaan in die wêreld en om in die wêreld te bestaan, neem die gemeente die menslike vorm aan van `n vereniging en funksioneer soos `n onafhanklike regs-persoon. Dit neem egter nie weg nie dat die ampsdraers slegs diensknegte van Christus is wat geroep is om, na die reël van God se Woord - te wete die Bybel - die volk van God te versorg en te lei. Daarom is die Ordinansie wat volg op die Ordereël `n noodsaaklike deel van die kerklike orde. Dit reël die wêreldse aspek van die gemeente se bestaan.

Hierdie Kerkorde begin nou met **Die Gemeente** en dit is omdat die **kerk** soos volg verstaan word:

1. Jesus Christus is die Hoof en Heer van die kerk. Hy vergader die gelowiges in sy kerk en bewaar hulle sodat die verhouding tussen Christus en sy kerk dieselfde beskryf word as die verhouding Hoof - liggaam.
2. Christus regeer oor sy kerk. Om dit te doen, gebruik Hy gelowiges wat geroep

word om `n dienswerk te verrig. Hierdie **diensknegte** het geen eie gesag nie, want hulle taak is om almal te hou in gehoorsaamheid aan die Woord van God. Hoewel ons geneig is om na hulle te verwys as **ampsdraers**, is hulle niks meer as geroepe-diensknegte-van-Christus nie. Die dienswerk van die verkondiging word gedoen deur die predikante, die regeerdiens deur die ouderlinge en die barmhartigheidsdiens of versorgingsdiens deur die diakens.

As daar gepraat word van **die kerk**: dan moet onthou word dat gepraat word van `n **versameling van gelowiges, dit wil sê openbaring van die liggaam van Christus. Die klem val op die gemeente wat Sondag in die kerkgebou bymekaar is. Dáár word die kerk sigbaar.**

`n Vergadering van diensknegte van Christus, soos `n Kerkraadsvergadering, sinode of die Algemene Kerkvergadering is **NIE** die kerk nie. Dit is niks meer nie as `n vergadering van diensknegte van Christus. Hulle het `n bepaalde taak of werk wat hulle in die kerk moet uitvoer, maar hulle is nie die kerk nie.

Die gemeente is deur sy geloof in Jesus Christus, die enigste Hoof van die kerk, saam met al die ander gemeentes wat dieselfde geloof bely, deel van die een liggaam van Christus.

Dit blyk uit die organisatoriese bande wat met die ander gemeentes van "die eie kerk" bestaan, maar ook deur die eenheid-in en van geloof wat blyk uit die eenheid in die aanvaarding van dieselfde belydenis. Die kerk is `n versameling van gelowige mense en nie in die eerste plek `n struktuur nie.

Die Gemeente in die wêreld

Die gemeente word in die wêreld, vanweë die toenemende ontkerstening van ons leefwêreld, al meer onder druk geplaas. Dit blyk uit die ontkerstening van die huwelik as instelling van God veral as gelet word op die uitleg van die sewende gebod in die Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 108 – 109, asook die gesin as bousteen van die kerklike en wêreldlike gemeenskap, soos blyk uit Heidelbergse

Kategismus Vraag en Antwoord 104. Dit is interessant hoe selfs in die kerk egskeiding en opvolgende huwelike sonder kommentaar aanvaar word; dit is immers volgens die moderne filosofie `n "mensereg".

Dit beteken dat daar `n botsing van idees en lewenstyl is omdat hierdie dinge ook die gelowiges in en van die kerk raak. Die vraag is, hoe moet dit hanteer word en hoe kom ons weer daarby dat die Christelike lewenstyl en waardes die bepalende in die lewe van die gelowiges en die kerk is en nie die gesekulariseerde opvatting van die samelewing nie? Die een groot vraag is hoe die gemeente sy lidmate en die kinders van die lidmate weer kan leer dat die Skriftuurlike waardes en norme prioriteit behoort te hê.

Sou dit nie moontlik wees dat weer in die gemeentes die gedagte gevestig word dat die huisgesin die kern-struktuur is waaruit die gemeente opgebou word en dat die huisgesin as `n huisgemeente-in-die-wêreld moet funksioneer nie? As die huisgesin weer sou kan leef soos gelowiges waar die kennis van God, die kennis van die sonde, die kennis van die verlossing deur ons Here, Jesus Christus en ons lewe van dankbaarheid volgens die lewensreël van die Wet van God, soos uitgelê deur Christus in die Bergrede, die basis en grondslag van die lewe en denke is, dan sou ons werklik soos `n stad op `n berg wees! Dan sou die bekommernis oor ons kinders en die vorming van hulle denke in die wêreld vandag minder ernstig wees. Die "probleem" lê vir `n groot deel daarin dat van owerheidsweë daar doelbewus stryd gevoer word teen die Christelike lewensopvatting en wêreldbeskouing van die Afrikaner. Daarmee saam lyk dit asof al die bekende maniere om ons kinders "christelik" op te voed, so stadigaan juis die teenoorgestelde koers gaan.

Dit plaas nogal druk op die kategetiese (onderwysende) taak van die gemeente ten opsigte van gelowiges en hulle gesinne. Dit laat die vraag ontstaan of daar nie gesoek moet word na `n nuwe saamtrek-situasie tussen kerk en Afrikaner (privaat) -skool nie Die aangeleentheid is belangrik, want dit bly

waar dat elke sosialistiese owerheid die kerk en sy boodskap verwerp, want hulle wil die sosialistiese paradigma gebruik om `n paradys hier op aarde te bou. Om daardie doel te bereik, wil die owerheid die opkomende geslagte deur middel van die skool, sport, die TV en die lewenshouding van die gemeenskap vir hulle saak werf. Waar begin ons kerklik en andersins wal gooi?

`n Tweede saak in hierdie verband, is die manier waarop die gemeente in die wêreld probeer bestaan. Om die saak te hanteer is besluit om op gemeentelik-plaaslike vlak die gemeente op twee maniere te organiseer.

Enersyds is dit op die bekende manier van `n Gemeentevergadering waarvan al die ingeskrewe belydende gelowiges wat die gemeente is, ook deel is. Die Gemeentevergadering wat normaalweg gelei word deur die plaaslike, diensdoenende predikant, hanteer alle sake wat saamhang met die verkondiging van die Woord, die regering van die gemeente en die barmhartighheidsdiens.

Dit beteken dat die gemeentevergadering se terrein die geestelike en geloofsaspek van die gemeente se bestaan in die wêreld is. Dit kan aanvanklik miskien iets nuuts wees om op vergaderingvlak aandag te gee aan die kernsaak waarom dit in die gemeente gaan, naamlik ons verhouding met - en diens aan die Almagtige God. Maar in `n wêreld wat al meer sy rug op God draai, is dit miskien nodig om van tyd tot tyd aandag te gee aan ons plek en taak as gelowige gemeenskap in die wêreld en hoe ons onself moet handhaaf. Juis so kan elke gelowige besef dat almal in

die gemeente mede-verantwoordelik is om in die wêreld `n goeie getuie van die Evangelie te wees

`n Belangrike taak van die Gemeentevergadering is die kategetiese onderrig. Hoewel die opvoeding en onderrig van die gedoopte kinders in die eerste plek by hulle ouers berus, is dit nog lank nie die hele verhaal nie. In daardie opvoeding- en onderrigtaak het die (Christelike) skool `n wesenlik-belangrike rol gespeel. Dit het egter nou verander, want die skool is "neutraal" of anti-Christelik, terwyl die ouers dikwels altwee moet werk om die pot aan die kook te hou. Die gevolg is dat in die ouerhuis dikwels die tyd en energie ontbreek om ook nog aandag aan die godsdiensoonderrig van die kinders te gee, al is dit dan ook net die bybring van kennis oor die inhoud van die Bybel. Dit laat die vraag ontstaan of die Kategete toegerus is vir hulle taak in die huidige tyd wat intensiewe onderrig vereis.

Andersyds is daar die Vereniging wat in die lewe geroep is om al die stoflike belange en probleme van die gemeente te hanteer. Die leiding van die vergadering is in die hande van sy bestuur wat jaarliks vir die doel gekies of herkies word. Hier gaan dit oor al die sake wat vroeër deur die Kassier en die Finansiële Kommissie van die Kerkraad hanteer is. `n Opsomming van die belangrikste sake waaraan aandag gegee moet word, word aangedui. Die beginsel is egter eenvoudig: al die stoflike bates en belange van die gemeente moet goed en noukeurig bestuur word.